**Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk**
(Registrasienommer 02/01164/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geregistreer)
("HL&H")

# Verkoop van suikerbelange en verdere omsigtigheidsaankondiging

## 1. INLEIDING

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk ("RAD") is gemagtig om ter aansluiting by die laaste omsigtigheidsaankondiging wat op Vrydag, 23 Junie 2000 gepubliseer is, aan te kondig dat HL&H se volfiliaal, Transvaal Suiker Beperk ("TSB"), net sy suikerbesigheid en verwante dierevoerbesigheid, onderworpe aan die nakoming van sekere opskortende voorwaardes, as 'n lopende onderneming aan Die Tongaat-Hulett Groep Beperk ("Tongaat") van die hand gesit het. Die netto kontantteenprestasie wat deur TSB ten opsigte van die suikerbesigheid ontvang sal word, nadat TSB sekere aanspreeklikhede wat nie deur Tongaat verkry is nie gedelg het, sal nagenoeg R690 miljoen beloop. TSB het nie sy sitrusbesigheid van die hand sit nie.

## 2. DIE TSB-SUIKERTRANSAKSIE

### 2.1 Beweegrede

HL&H se direkteure het tot die slotsom gekom dat dit in die beste belang van aandeelhouers sal wees om hul blootstelling aan die kommoditeitsaard van die suikerbedryf te elimineer. Daar is voorts erken dat ten einde internasionaal mededingend in die suikerbedryf te bly, verdere grootskaalse kapitaalintensiewe uitbreidings in die toekoms gemaak sal moet word wat HL&H se kontantbronne aansienlik sal strem. HL&H-aandeelhouers wat steeds aan die suikerbedryf blootgestel wil wees het die geleentheid om in ander genoteerde suikerbesighede te belê.

### 2.2 Bepalings

Met ingang vanaf 1 April 2000 ("die effektiewe datum") en onderworpe aan die opskortende voorwaardes, is die suikerbesigheid vir 'n teenprestasie van R1 miljard aan Tongaat verkoop. Die kontantteenprestasie is betaalbaar deur Tongaat aan TSB op die implementeringsdatum wat kort na die datum waarop die laaste opskortende voorwaarde nagekom of kwytgeskeld sal word, tesame met opgelope rente. Nà die vereffening van die netto skuld deur TSB behou, en die betaling van belastingverhalings, sal TSB se netto kontant na verwagting sowat R690 miljoen beloop.

### 2.3 Finansiële gevolge op 'n HL&H gewone aandeel

| | Voor (sent) | Nà (sent) | Verandering % |
|---|---|---|---|
| Wesensverdienste | 65,2 | 70,5 | 8,1 |
| Verwaterde wesensverdienste | 56,7 | 60,0 | 5,8 |
| Netto batewaarde | 586,2 | 528,2 | (9,9) |

Bogenoemde tabel gee 'n uiteensetting van die pro forma finansiële gevolge van die suikertransaksie op 'n HL&H-gewone aandeelhouer vir die jaar geëindig 31 Maart 2000, gegrond op die volgende aannames:

- dat die verkoop op 1 April 1999 effektief was vir die uitwerking op die wesens- en verwaterde wesensverdienste, en 31 Maart 2000 vir die uitwerking op die netto batewaarde;
- die netto teenprestasie R690 miljoen beloop het;
- die netto kontantteenprestasie op deposito geplaas was, en rente teen 'n koers van 12,0% verdien het;
- die rente op die netto kontant verdien, teen 'n koers van 30% belas is; en
- dat, vir die doeleindes van batewaarde, wesensverdienste en verwaterde wesensverdienste, aanvaar is dat, onderskeidelik, 221 381 751, 220 525 613 en 350 885 276 gewone aandele uitgereik was.

### 2.4. Opskortende voorwaardes

Die verkoop van die suikerbesigheid is, *inter alia*, onderworpe aan die volgende opskortende voorwaardes, wat nog nie nagekom is nie:

- indien nodig, die aanname van die vereiste besluit deur Tongaat se gewone aandeelhouers in algemene vergadering, ter goedkeuring van die verkryging van die suikerbesigheid ooreenkomstig die vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("die JA") en die Londense aandelebeurs;
- die aanname van die vereiste besluit deur HL&H gewone en voorkeuraandeelhouers in algemene vergadering, ter goedkeuring van die verkoop van die suikerbesigheid ooreenkomstig die vereistes van die JA;
- goedkeuring van die suikertransaksie soos vereis kragtens die Wet op Mededinging Nr. 89 van 1998; en
- dat die laaste stadiums van die behoorlike ouditondersoek na die suikerbesigheid afgehandel word.

### 2.5 Ondernemings

- HL&H-aandeelhouers verteenwoordigend van nagenoeg 74% van die gewone aandele en nagenoeg 69% van die voorkeuraandele het ondernemings gegee om ten gunste van die suikertransaksie en enige besluite ter implementering van die suikertransaksie te stem; en
- Anglo South Africa (Eiendoms) Beperk, wat nagenoeg 51% van Tongaat se uitgereikte gewone aandele hou, het 'n onderneming gegee om ten gunste van die suikertransaksie asook ten gunste van enige besluite ter implementering van die suikertransaksie te stem.

### 2.6 Dokumentasie en kennisgewing van algemene vergadering

'n Omsendbrief bevattende besonderhede van die suikertransaksie, met inbegrip van 'n kennisgewing van die algemene vergadering van aandeelhouers, word tans voorberei en sal, onderworpe aan goedkeuring deur die JA en die Paneel oor Sekuriteiteregulering mettertyd aan aandeelhouers gepos word.

## 3. VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

In 'n aankondiging wat op Vrydag, 28 Januarie 2000 gepubliseer is, is bekendgemaak dat Industrial Partnership Investments Beperk ("IPI"), 'n filiaal van Rembrandt Groep Beperk, dit sou oorweeg om reëlingskemas kragtens Artikel 311 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) soos gewysig, tussen HL&H en sy gewone en voorkeuraandeelhouers ("aandeelhouers"), uitgesonderd IPI voor te stel, of op sodanige wyse wat IPI as meer doeltreffend sou ag en wat dieselfde gevolge sou hê ("die voorgestelde skemas").

HL&H-aandeelhouers word gemaan om verhandelinge in hul aandele met voortgesette omsigtigheid aan te gaan totdat 'n breedvoerige aankondiging van die bepalings van die voorgestelde skemas gepubliseer word.

Sandton
29 Junie 2000

*Beleggingsbank en Korporatiewe Adviseur*

Real Africa Durolink
Investment Bank Beperk
(Registrasienommer 1987/005258/06)
www.radbank.co.za

*Korporatiewe Regsadviseurs en Konsultante*

EDWARD NATHAN
& FRIEDLAND (EDMS) BPK
(Registrasienommer 1999/026464/07)

FCB Jonssons

0/0321 - Cautionary - 39x7 – SF
**AFRIKAANS – 24RD PROOF**